30 November 19 93

Liewe Willie

Is ek verkeerd? Ek hoop byna so! Hierdie nuwe "Riglyne vir prediking oor regverdiging en reg" skreeu soos ´n sonbesie in my ore maar raak nie my hart nie. Ek praat spesifiek van die bekendstellingsadvertensie - want ek het nognie die boek gekoop nie, en volgens die bekendstelling gaan ek dit ook nie koop nie.

Kan mens oor "regverdiging en reg" praat sonder om oor genade en liefde te roem? Staan die vergifnis wat ek ontvang en daarom kan uitleef, nie sentraal nie?

In die Inhoudsopgawe is daar nie ´n enkele woord hiervan nie. In die aanbevelings word die indruk bevestig: die aanbevelers praat van regverdiging met die daaruitvoorvloeiende reg byna soos van ´n ideologie. Dis die Hervormer wat dit koppel aan ´n "Christologiese betekenis", en dis die Apostolie wat genadiglik die beker koue water by die gebarste lippe bring as hy pertinent dit laat "gestalte vind in die koms van Jesus Christus".

Willie, jy ken my as ´n ou wat wel ´n bietjie dom is, maar nie as ´n kritikaster nie. Maar ek is regtig ontsteld dat hierdie mense - wat aangeprys word as: "dié wat weet" - hierdie begrippe so erg losmaak van die Bybelse milieu dat die "barmhartigheid en die trou" nie prominent figureer nie.

Is liefde nie die verlore tema van die Calvinistiese Reformasie nie? (ek sê Calvinisties, want in Calvyn se kommentare lees ek oral dikwels van sy begrip en deernis en fyn aanvoeling van Goddelike aandrang en menslike gevoelens). Nou bly ons verstrik tussen sy juridiese begrippe en raak al meer verseil in ´n woorde-godsdiens.

Dis tog die liefde wat dring - al hierdie ander geabstraheerde wysneusigheid maak hol. Die liefde van die Vader en die verdienste van Christus gee tog aan reg/regverdiging/geregtigheid sy verlossende dinamiese geloofsdimensie. Hoe kan jy daarsonder vertrek? Hoe kan jy ander daarsonder inspireer en motiveer? Gal.5:65.

Ná die klagtes: hier gaan dit goed. Ook met Mert. Sy werk aangenaam saam.

Hoop ek hoor van jou.

Seënwense,

Attie

.....

DR. A. P. v.d. COLF
VYFDESTRAAT 42
LINDEN
2195

(011) 888-5395
TELEFOON ~~46-9195~~ NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE, LINDEN